**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersieningsnommer: 114/2006

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**LAWRENCE NAIDOO**

---

**CORAM:** VAN ZYL, R

---

**UITSPRAAK:** VAN ZYL, R

---

**GELEWER OP:** 13 APRIL 2006

---

[1] Beskuldigde het in die Landdroshof te Virginia tereg gestaan op twee aanklagte van bedrog. Hy het skuldig gepleit op beide aanklagte en is hy tereg op beide aanklagte skuldig bevind. Hy is daarop op 3 Desember 2003 as volg gevonnis:

"Aanklag 1: Gevonnis tot 8 (agt) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind

word aan bedrog of poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

(2) Die beskuldigde die bedrag van R333,34 terugbetaal aan Gladys Mosidi Finger.

Aanklag 2: Gevonnis tot 18 (agtien) maande gevangenisstraf wat in geheel opgeskort word vir 4 (vier) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie skuldig bevind word aan bedrog of poging daartoe gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

(2) Beskuldigde die bedrag van R550,00 terugbetaal aan Ntholeng Nthoba."

[2] Die aangeleentheid het op outomatiese hersiening voor hierdie Hof gedien waarop ek die volgende navraag gerig het:

> "Hoewel die tweede opskortende voorwaarde met betrekking tot beide klagtes sinvol is, voorsien u nie 'n probleem met die praktiese uitvoerbaarheid en kontrolering daarvan nie? Moes daar nie 'n tydperk aan gekoppel word waarbinne die betaling moet geskied nie?"

Op 2 Junie 2004 het die voorsittende Landdros die volgende aanvullende redes tot vonnis verskaf:

> "Die nalate om 'n tydperk aan die opskortende voorwaardes te koppel veroorsaak 'n probleem met die praktiese uitvoerbaarheid en kontrolering daarvan. Dit sou inderdaad

> sinvol gewees het om ‘n tydperk aan die opskorting te gekoppel het waarbinne die betaling moes geskied het. Waar hierdie vonnisse op hersiening met sodanige tydperke aangevul kan word, sou dit myns insiens geen effek op die vonnisse hê nie, alvorens beskuldigde nie van sodanige wysigings in kennis gestel word nie. Dit is ook te betwyfel of hy opgespoor kan word sodat die gewysigde voorwaardes onder sy aandag gebring kan word. Bygevolg versoek ek respekvol dat die twee opskortende voorwaardes geskrap word tot voordeel van die beskuldigde en dat die skuldigbevindings en die vonnisse, sonder die tweede opskortende voorwaardes, bekragtig word.”

[3] Dit blyk uit korrespondensie in die lêer dat die saak op 3 Junie 2004 teruggestuur is nadat die Landdros sy redes geskryf het. Die lêer het egter in die administratiewe proses weggeraak, waarop ‘n duplikaat hersiening eventueel op 8 Februarie 2006 deur hierdie Hof ontvang is. Op daardie stadium het Beckley R op 10 Februarie 2006 die volgende verdere navraag gerig:

> “Is die boetes in die twee opskortende voorwaardes reeds

> betaal? Wat is die situasie?"

In antwoord op laasgenoemde navraag, het die Verhoorlanddros, onder andere, as volg geantwoord:

> "Die boete op aanklagte 2 is nie betaal nie. Die dossier en klaer op aanklag 1 kon nie opgespoor word nie."

[4] Na my mening blyk dit duidelik uit voormelde inligting dat die tersaaklike boetes nie betaal is nie en dat selfs al sou hierdie Hof die tweede opskortende voorwaarde wysig om voorsiening te maak vir 'n tydperk waarbinne die boetes betaal moet word, dit onprakties, en selfs waarskynlik onmoontlik, gaan wees om dit onder die aandag van die beskuldigde en die onderskeie klaers te bring. Gevolglik is ek dit eens met die Verhoorlanddros dat die twee opskortende voorwaardes geskrap moet word tot voordeel van die beskuldigde.

[6] Bygevolg word die volgende bevel verleen:

6.1 Beide die skuldigbevindings word bekragtig.

6.2 Die tweede opskortende voorwaarde in beide die opgelegde vonnisse word geskrap.

6.3 Origens word beide die opgelegde vonnisse bekragtig.

**C. VAN ZYL, R**

/EM